Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

# INFO 6/2025

11 April 2025

## Van die skoolhoof

***Liewe GSDP-gemeenskap***

### Lig by die Skool

**"Julle is die lig van die wêreld..." Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik. (Matteus 5:14-16)**

Die pas afgelope ICO-onderwyserseminaar het gefokus op hierdie tema; ons moet Christus se Ligdraers wees. In Matteus 5 noem Jesus sy volgelinge die lig van die wêreld, dit beteken dus die wêreld is in donkerte gehul. Hierdie woorde is nie net 'n mooi vergelyking nie, maar 'n roeping – ook vir ons as personeel, ouers en leerlinge in Dirk Postma.

Ons leef in 'n wêreld vol donkerte: onsekerheid, verwarring, en 'n verlies aan waardes. Lig beteken lewe, hoop, rigting. Net soos die dorpsligte in die ou dae met die hand aangesteek is en mense gelei het, so is ons ook geroep om die lig van Christus aan te steek in ons eie omgewing – veral by die skool.

Dit kan wees dat ons ook in ons skool kinders het wat in die donkerte leef en wat nie waarlik die Here Jesus as hul Verlosser ken nie. Dit gebeur in 'n wêreld waar baie dinge nie die lig van Christus kan uitstraal nie. By die skool is ons dus die een wat die lig moet gee. Ons optrede, ons woorde, ons gesindheid – al hierdie dinge dra lig, of dit nou helder skyn of flou flikker. Wanneer ons naby aan Christus leef, die Bron van alle Lig, reflekteer ons Sy lig op 'n manier wat ander kan sien en beleef.

Jesus het nie sy woorde gerig aan belangrike mense of godsdienstige leiers nie. Hy het gewone mense – soos ek en jy – aangespreek. Dit herinner ons daaraan dat elkeen van ons, hoe klein ons rol ook al mag voel, geroep is om Sy lig te wees.

In 'n wêreld waar baie dinge donker is, moet ons bewus wees van ons invloed, veral as dit ook oor opvoeding gaan. Ons gedrag teenoor kollegas, ons geduld met die kinders in ons klas of by die huis, en ons integriteit in besluite – dit alles vorm die strale van ons lig.

Mag hierdie woorde ons herinner: Lig wat skyn, trek aandag – nie na onsself nie, maar na God. Wanneer ons lig skyn, word Hy verheerlik. Mag ons elke dag in die skool en by die huis lewe as mense wat naby die Ligbron is – en mag Sy lig helder deur ons skyn, ook in hierdie nuwe kwartaal.

***Vriendelike groete***

*Saskia Meijer*



## Beplanner

- **7/04** – LS Bybelvasvra
- **7/04** – LS Verkoping
- **12/04** – LS Bulletjierugby by LS Eduplex
- **14/04** – HS Netbal vs Erasmus (tuis)
- **14/04** – HS Onderwêreld toneelstuk Gr.12's
- **16/04** – KS Fotodag
- **17/04** – LS Fotodag
- **22/04** – Algemene jaarvergadering
- **22/04** – LS Netbal vs Caligro Academy (tuis)
- **22/04** – HS Netbal vs CR Swart (weg)
- **23/04** – HS Interne redenaars
- **23/04** – Wêreldboekedag
- **24/04** – HS Tafeltennis vs HTS John Vorster (weg)

Die skool sluit **17 April** om **12:00** vanweë Paasnaweek en 'n troue by GK Kandelaar.



Philip Botha en ons **juffrou Lara Scheepers** trou **Vrydag, 25 April.** Ons wens hulle 'n mooi dag toe en mag die Here ook aan hulle ’n geseënde huwelikslewe skenk.









# SELFOON VIR DIE SNOEPIE

Die selfoon wat tans gebruik word vir D6-Kaartbetalings by die snoepie wil nie meer werk nie, en ons benodig dringend 'n vervanging.

Indien u kan help met 'n skenking van 'n selfoon, kontak asseblief vir juf. Petra van der Veen.



# Laerskool

## Personeeltoilette en ander kleedkamers

Die personeeltoilette is slegs vir die **personeel**, u is welkom om die kinders se kleedkamers te gebruik. Ons vra u samewerking in die verband.

## Sportstoor

Geen leerling of ouer word in die **sportstoor** toegelaat nie. Indien u iets benodig, is u welkom om met mev. Janine Heikens in aanraking te kom.

## Sportklere

Indien daar enige GSDP sportklere in u kinders se kas is wat te klein is of nie meer gebruik word nie, wil ons mooi vra of u dit sal oorweeg om dit aan die skool te **skenk**. Daar is heelwat leerders wat sportklere soek en ons wil graag help waar ons kan.

## Laerskool Wintersdrag

Wintersdrag moet vanaf **5 Mei 2025** gedra word. Maak asseblief seker van die korrekte voorgeskrewe wintersdrag soos uiteengesit in die **skooldagboek / skoolreëls** wat u in die begin van die jaar ontvang het.

# Sport



## Netbal

Die netbalmeisies oefen baie hard. Alhoewel die wedstryd teen Laerskool Balmoral weens die nat velde geskuif is na 22 Mei, bly die meisies positief en word baie vaardighede aangeleer.

Ons volgende wedstryd vind plaas op Dinsdag, 22 April 2025 teen Caligro Academy op ons bane. Dit sal slegs vir die 0/10-0/13 spelers wees.


WÊRELDBOEKEDAG
23 APRIL 2025
TREK AAN SOOS
ENIGE BOEK-
KARAKTER

# Hoërskool

## Wiskunde Olimpiade

Baie geluk aan Marike Diedericks, Corli vd Linde, Anli Kruger, Wian Boersema, LJ Kotze, Wilhelm Goodey, Roelof Burger, Henro vd Linde en Marné van de Wetering wat deurgedring het na die **2de rondte van die Wiskunde Olimpiade.** Dit vind plaas op 15 Mei. Baie sterkte!

## Wintersdrag

Wintersdrag moet vanaf **5 Mei 2025** gedra word. Maak asseblief seker van die korrekte voorgeskrewe wintersdrag soos uiteengesit in die skooldagboek / skoolreëls wat u in die begin van die jaar ontvang het. Let asseblief ook daarop dat die **dra van dasse** by seuns en dogters verpligtend is vanaf hierdie jaar (soos reeds einde 2024 aan ouers gekommunikeer) .

## Konsertoefentye

**Konsertoefentye vir kwartaal 2 is soos volg:**

- Vrydag, 14 en 21 Februarie vanaf 13:15 tot 14:30 (leerlinge betrokke by toneel en dekor moet beskikbaar wees tot 15:00)
- 9, 23 en 30 Mei vanaf 13:15 tot 15:00
- 6, 13 en 20 Junie – tye sal gekommunikeer word.

Ons wil graag vra dat leerlinge die oefeninge getrou sal bywoon. Indien ‘n leerling nie ‘n oefening kan bywoon nie, moet die ouers asseblief **verskoning** maak by die voogonderwyser.

## Toetsreeks

Toetsreeks begin op **Dinsdag, 22 April**. Toetsroosters is reeds aan die begin van die jaar uitgedeel.



# Hoërskool

## Konsert


Baie dankie vir die vriendelike ondersteuning met ons **konsertdekor-insameling**. Ons het fantastiese materiaal gekry, wat baie prakties gebruik kan word vir die stelontwerp van ons konsert.

Ons het genoeg materiaal vir die meeste produkte wat ons benodig het ontvang en hiermee dan net 'n **lysie van materiaal** waaraan ons nog 'n behoefte het, indien julle daarvan het wat by die huis rondlê:
***** Polystyrene bakkies of "trays" - (die tipe wat gebruik word om kleiner porsies groente/vrugte of wegneemkos soos pannekoek te verpak)
***** Kartonbokse (enige grootte)
***** 20 mm elektriese PVC pyp

Weereens opreg dankie vir die **ondersteuning**, ons sien baie uit daarna om die finale produk met julle te kan deel!

# Sport

## Die tafeltennisspan hou Dirk Postma se naam hoog!



## Uitslae

13 Maart – Zwartkop Christian School – GSDP wen 24-6
20 Maart – Hoërskool Overkruin – GSDP wen 28-2
27 Maart – Afrikaans Hoër Meisieskool – GSDP wen 28-2
8 April – Hoërskool Wonderboom – GSDP wen 30-0
10 April – Afrikaans Hoër Seunskool – GSDP wen 17-13

## Netbal

Die **netballiga** begin volgende week. **Maandag** speel ons spanne die eerste wedstryd teen Hoërskool Erasmus. Dit bly altyd 'n uitdagende wedstryd en die spanne sal alle ondersteuning verwelkom.


SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING
Solidariteit Helpende Hand se bestaansrede is om welstand deur werksyn in en deur ons gemeenskap te help verseker.
Word VANDAG nog deel van die Solidariteit Helpende Hand-FAMILIE.
#WELSTAND
ondersteunons.co.za


Any Computer, internet, WiFi help and upgrades.
PR COMPUTERS
Call us today
0826915793
Ons praat jou taal!

# Wen jou Wetenskap en Wiskunde

**Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:**

- Vraestelle met Memo's @ R130
- Nifty Notas @ R130


**Vat die volledige Wiskunde Pakket vir slegs R240**

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:**

- Nifty Notas @ R130
- Flashy Flitskaarte @ R70
- Vraestelle met memo's @ R130

**Vat die volledige Wetenskap Pakket vir slegs R300**

Afleweringskostes @ R120



# Win your Science and Maths

**Grade 10 to Grade 12 Maths:**

* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

Gr 10 Science Packs are busy brewing!!!

**Grade 11 to Grade 12 Science pack:**

* Snazzy Summaries @ R130
* Flashy Flashcards @ R70
* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

**All the Science goodies @ R300**

Courier Costs @ R120

**https://wenwetenskap.co.za**

**Helena - 0845103373**

**hverwey@absamail.co.za**

# CHALWIL ENGINEERING



No problem to big to solve!

## Our Services:

- ☑ Automotive Engineering
- ☑ Manufacturing componants
- ☑ Manufacturing gears
- ☑ Gear rebuilding





## Contact Us:

074 158 0765

69 Hardie Muller street,
Rosslyn,Pretoria

kleur.
Boutique

Specializing in:

Designer Formal Wear
Men Suites
Special Occasion Wear
Mother of the Bride | Matric Farewell
**Exclusive Stockist of Anabel Nox**

**To Book:**
**Lisa Roux 072 402 0307**

www.kleurboutique.co.za

# Snapscan Kodes

GSDP-SKOOLFONDS

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende</u>:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

GSDP-BOUFONDS

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

